21. Behalwe waar die Komitee vir Finansies bepaal dat 'n noodgeval of 'n spesiale geval van noodsaaklikheid bestaan, en onderworpe aan artikel 22 van Deel II, moet tenders aangevra word voordat enige kontrak vir die uitvoering van werk of die lewering van goedere deur die Raad aangegaan word.

22. Goedere kan kragtens artikel 37 van Deel II ten bedrae van minder as £300 by kwotasie aangekoop word: met dien verstande dat, met uitsondering van formele voorraaditems deur hom goedgekeur, die magtiging van die stadstesourier deur die betrokke afdeling verkry moet word tot aankope by kwotasie wat die bedrag van £150 oorskry.

23. Geen tenders word oorweeg nie, tensy dit in 'n verseëlde koevert of pakkie is en in 'n bus geplaas word wat vir die doel deur die stadsklerk verskaf word, nie later nie as die geadverteerde tyd vir sodanige plasing.

24. Tenders moet in die openbaar oopgemaak word deur die stadsklerk of sy plaasvervanger op 'n tydstip en datum wat deur openbare kennisgewing bekend gemaak is, en in teenwoordigheid van 'n ander verantwoordelike beampte van die Raad. Die stadsklerk of sy plaasvervanger moet iedere tender parafeer. Vervolgens moet die tenders na die betrokke komitee verwys word om verslag daaroor uit te bring.

25. Wanneer borge tesame met tenders ingedien word, moet die betrokke afdelingshoof dit sonder verwyl aan die stadstesourier oorhandig.

26. Geen aanbeveling vir die aanname van 'n tender behalwe die laagste tender word deur die Komitee vir Finansies of, na gelang van die geval, dié komitee en die Raad, aangeneem nie, tensy vergesel van 'n verslag van die betrokke komitee of afdelingshoof wat die redes vir die aanbeveling verstrek, en die inhoud van die verslag, as dit nie in die agenda vervat word nie, moet vervat word in die notule van die vergadering waarop dit oorweeg is.

27. (1) Alle kontrakte en ooreenkomste waarby die betaling van geld aan of deur die Raad betrokke is, moet op versoek van die stadstesourier na hom verwys word voor die uitvoering daarvan vir ondersoek van hulle finansiële bepalings en moet onmiddellik na die uitvoering daarvan vir veilige bewaring aan die stadstesourier oorhandig word.

(2) Die stadstesourier moet 'n kontrakregister en 'n register van periodieke betalings van inkomste en uitgawe byhou, sodat 'n doeltreffende kontrole op betalings aan en deur die Raad volgens enige kontrak of ooreenkoms gehandhaaf kan word.

28. Alle betalings aan aannemers op rekening van kontrakte moet aanbeveel word vir betaling op gesag van 'n sertifikaat in 'n goedgekeurde vorm wat deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Raad uitgereik is, en wat die totale bedrag van die kontrak, die bedrag wat tot op datum betaal is met inbegrip van dié paaiement, en die bedrag van die reservasiegeld aantoon.

29. Voor die finale betaling volgens 'n kontrak gedoen word, moet die stadstesourier bevestig dat die gelewerde rekening in ooreenstemming met die finansiële bepalings

town treasurer so decides, to the Council's bankers: Provided that by arrangement with the town treasurer moneys may be collected by other departments.

17. All sums received by the town treasurer's department or by other departments shall be banked daily or at such regular intervals as the town treasurer may determine.

18. Proposed reductions in tariffs for services shall only be submitted to the Finance Committee when the annual estimates are under consideration.

19. No amounts due to the Council shall be written off as irrecoverable except on the authority of the Finance Committee.

REPORTS AFFECTING FINANCES.

20. A head of department shall supply to the town treasurer in advance details of any proposal which the former intends to submit to a committee and which has financial implications.

CONTRACTS AND TENDERS.

21. Except where the Finance Committee determines that a case of emergency or a special case of necessity exists, and subject to section 22 of Part II, tenders shall be invited before any contract is entered into by the Council for the execution of work or the supply of goods.

22. Goods may be purchased in terms of section 37 of Part II on quotation up to an amount of less than £300: Provided that, except for formal items of stock approved by him, the authority of the town treasurer shall be obtained by the department concerned for purchases on quotation exceeding the amount of £150.

23. No tenders shall receive consideration unless contained in a sealed envelope or package and placed in a box provided by the town clerk for the purpose, not later than the advertised time for such placing.

24. Tenders shall be opened by the town clerk or his deputy, in public, at a time and date to be stated by public notice, and in the presence of another responsible official of the Council. The town clerk or his deputy shall initial each tender. The tenders shall thereafter be referred to the committee concerned for report.

25. Where security is lodged with tenders the departmental head concerned shall forthwith hand the same to the town treasurer.

26. No recommendation for the acceptance of a tender other than the lowest shall be agreed to by the Finance Committee or, as the case may be, that committee and the Council, unless accompanied by a report from the appropriate committee or head of department giving the reasons for the recommendation, the substance of which report, if not included in the agenda, shall be included in the minutes of the meeting at which it was considered.

27. (1) All contracts and agreements involving the payment of moneys to or by the Council shall at the request of the town treasurer be referred to him before their execution for examination of their financial provisions and shall be forwarded to the town treasurer for safekeeping immediately after their execution.

(2) The town treasurer shall keep a contracts register and a register of periodical payments of income and expenditure in order that an efficient check on payments to and by the Council under any contract or agreement may be maintained.

28. All payments to contractors on account of contracts shall be recommended for payment on the authority of a certificate in approved form given by a duly authorised official of the Council, which shall show the total amount of the contract, the sum paid to date, including that instalment, and the amount of the retention money.

29. Before making the final payment under a contract, the town treasurer shall verify that the account rendered is in accordance with the financial provisions of that con-

van dié kontrak is, en die betrokke afdelingshoof moet sodanige inligting verskaf as wat die stadstesourier vir hierdie doel vereis.

30. Die stadstesourier mag nie 'n groter bedrag op 'n kontrak betaal as die bedrag wat by besluit van die Raad gemagtig is nie. Enige oorskryding moet aan die Raad voorgelê word vir magtiging, en die redes vir die addisionele koste moet in die verslag aan die Raad vermeld word.

BETALING VAN REKENINGS.

31. Voorskotrekenings vir die doen van klein uitbetalings word ingestel slegs met die goedkeuring van die stadstesourier wat die bedrag van sodanige rekenings en die aard van die betalings wat daaruit gedoen moet word, bepaal.

32. (1) Betaling van ander rekenings as klein uitbetalings uit voorskotrekenings moet deur die Raad se bankrekenings gedoen word.

(2) Alle tjeks ter betaling van gelde, uitgesonderd tjeks wat op die Raad se Depositorekening en Markrekenings getrek word, moet deur die stadstesourier en twee lede van die Komitee vir Finansies onderteken word.

In geval van die Raad se depositorekening, moet die tjeks deur die stadstesourier en een lid van die Komitee vir Finansies onderteken word.

In geval van die Raad se markrekening moet die tjeks deur die markmeester onderteken word.

Die Komitee vir Finansies kan, ten einde die stadstesourier in staat te stel om van tyd tot tyd salarisse en lone te betaal, 'n bedrag die ,Stadstesourier se Salarisfonds' genoem te word ter beskikking van die stadstesourier stel, wat in geen geval die bedrag betaalbaar of wat betaalbaar sal word deur die Raad op hierdie rekening aan die end van iedere maand mag oorskry nie, en hy kan die stadstesourier magtig om tjeks op sodanige fonds te trek of om gelde vir salarisse uit sodanige fonds te betaal, en tjeks wat op die ,Stadstesourier se Salarisfonds' getrek word, moet deur die stadstesourier en die waarnemende stadstesourier of assistent-stadstesourier onderteken word. Die Komitee vir Finansies kan verder, ten einde die stadstesourier in staat te stel om maandelikse rekenings vir voorrade wat aangekoop is, te betaal, 'n bankrekening laat open, die ,Stadstesourier se Voorraderekening' genoem te word, en hy kan dit vir 'n bedrag krediteer wat in geen geval die bedrag betaalbaar of wat betaalbaar sal word deur die Raad vir voorrade aangekoop tot die end van die vorige maand mag oorskry nie, en hy kan die stadstesourier magtig om tjeks op sodanige rekening te trek, welke tjeks deur die bank betaal moet word, en die tjeks wat op die ,Stadstesourier se Voorraderekening' getrek word, moet deur die stadstesourier en die waarnemende stadstesourier of assistent-stadstesourier onderteken word.

3. Geen betaling word gedoen nie, tensy dit binne 'n begroting of pos is wat deur die Raad aangeneem is.

34. Iedere rekening vir betaling moet deur 'n behoorlik daartoe gemagtigde senior beampte van die betrokke afdeling gesertifiseer word as in orde synde en binne 'n begrotingspos wat deur die Raad gemagtig is en moet aan die stadstesourier gestuur word tesame met die nodige bewysstuk wat deur die stadstesourier of sy gemagtigde plaasvervanger vir betaling goedgekeur moet word voordat betaling gedoen word.

35. Vorderingsbetalings op rekening van kontrakte word beperk tot die waarde van die verrigte werk of gelewerde materiale soos gesertifiseer volgens die kontrak, min die bedrag van vorige betalings wat gedoen is, en van reservasiegeld wat teruggehou is, volgens die kontrak.

VOORRADE EN MATERIALE.

36. (1) Behalwe waar die stadstesourier daarvan oortuig is dat daar spesiale omstandighede bestaan, mag nie meer voorrade deur of vir enige afdeling gehou word nie as wat gewoonlik uit ondervinding nodig blyk.

(2) Wanneer dit ook al vir die stadstesourier voorkom, volgens die rekwisisie deur 'n afdelingshoof ingedien vir die aankoop van goedere en materiale, dat die aankoop 'n oortreding van subartikel (1) sal meebring, moet hy die aandag van die afdelingshoof daarop vestig en, indien hy dit nodig ag, die saak aan die Komitee vir Finansies rapporteer.

tract, and the head of department concerned shall supply such information as the town treasurer may require for this purpose.

30. The town treasurer shall pay on a contract no greater sum than the amount authorised by resolution of the Council. Any excess payment shall be submitted to the Council for authority, and reasons for additional costs shall be stated in the report to Council.

PAYMENT OF ACCOUNTS.

31. Imprest accounts for the making of petty disbursements shall only be established with the approval of the town treasurer, who shall prescribe the amount of such accounts and the nature of the payments to be made therefrom.

32. (1) Payment of accounts other than petty disbursements from imprest accounts shall be made through the Council's banking accounts.

(2) All cheques for payment of moneys, other than cheques drawn on the Council's deposit account and market accounts, shall be signed by the town treasurer and two members of the Finance Committee.

In the case of the Council's deposit account, the cheques shall be signed by the town treasurer and one member of the Finance Committee.

In the case of the Council's market account the cheques shall be signed by the market master.

The Finance Committee may, in order to enable the town treasurer to pay salaries and wages from time to time, place at the disposal of the town treasurer a sum to be called 'Town Treasurer's Salaries Fund', which shall in no case exceed the amount due or about to become due by the Council on this account at the end of each month, and may authorise the town treasurer to draw cheques upon such fund or to pay moneys out of such fund, for salaries, and cheques drawn upon the 'Town Treasurer's Salaries Fund' shall be signed by the town treasurer and the deputy town treasurer or assistant town treasurer. The Finance Committee may further, in order to enable the town treasurer to pay monthly accounts for stores purchased, cause to be opened a banking account to be called the 'Town Treasurer's Stores Account' and may place to credit thereof a sum which shall in no case exceed the amount due or about to become due, by the Council for stores purchased to the end of the previous month, and may authorise the town treasurer to draw cheques upon such account, which cheques shall be paid by the bank, and cheques drawn upon the 'Town Treasurer's Stores Account' shall be signed by the town treasurer and the deputy town treasurer or assistant town treasurer.

33. No payment shall be made unless it is within an estimate or vote adopted by the Council.

34. Every account for payment shall be certified by a duly authorised senior official of the department concerned as being in order and within a vote authorised by the Council and shall be forwarded to the town treasurer with the necessary voucher which must have been approved for payment by the town treasurer or his authorised alternate before payment is made.

35. Progress payments on account of contracts shall be limited to the value of the work done or materials supplied as certified in terms of the contract less the amount of previous payments made, and of retention money withheld, in pursuance of the contract.

STORES AND MATERIALS.

36. (1) Stocks shall not, except where the town treasurer is satisfied that special circumstances exist, be carried by or for any department in excess of normal requirements as ascertained by experience.

(2) Whenever it appears to the town treasurer from the requisition made by a head of department for the purchase of goods and materials that the purchase would result in infringement of sub-section (1), he shall draw the attention of the head of the department thereto, and, if he considers it necessary, shall report the matter to the Finance Committee.

37. Uitgesonderd klein uitbetalings uit voorskotrekenings kragtens artikel 31, mag geen goedere of materiale aangekoop word nie, uitgesonderd deur middel van 'n rekwisisie aan die magasynmeester, wat deur die hoof van die betrokke afdeling of deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van sy afdeling onderteken is.

38. Geen rekwisisies vir uniforms of ander klerasie mag uitgevoer word nie, tensy dit deur die afdeling van die stadstesourier geëndosseer is as sou dit aan die Raad se voorwaardes vir die uitreiking van sodanige uniforms of klerasie voldoen.

39. Die hoeveelheid en waarde van enige surplusse of tekorte aan voorrade wat by voorraadopname aan die lig kom, moet deur die stadstesourier aan die Komitee vir Finansies gerapporteer word, met vermelding van die redes daarvoor, en, waar die voorraad nie onder sy beheer is nie, kan die stadstesourier die hoof van die betrokke afdeling aansê om genoemde redes aan hom te verstrek.

40. Installasie en uitrusting en ander voorrade en materiale wat voorhande is, word slegs oortollig of verouderd geag op gesag van die Komitee vir Finansies, en hierdie komitee moet magtiging verleen insake die wyse waarop sodanige materiaal van die hand gesit moet word.

41. Tenders en prysopgawes vir die lewering van goedere, voorrade, materiale en werktuie moet deur die betrokke afdeling of deur die magasynmeester opgestel word en aanbevelings vir die aanname van tenders en prysopgawes moet gedoen word deur die afdeling wat die goedere, voorrade, materiale of werktuie vereis.

42. Departementele voorrade ressorteer onder die stadstesourier deur die magasynmeester wat vir periodieke voorraadopnames by sodanige magasyne verantwoordelik is.

KAPITAALBATES.

43. Hoofde van afdelings moet die stadstesourier sonder verwyl verwittig van enige aankoop, verkoop of afbraak van enige kapitaalbate onder hulle beheer, of van enige gebeurtenis wat dit wesentlik raak, en hulle moet op versoek aan hom enige inligting verstrek wat van tyd tot tyd betreffende enige bates van die Raad vereis.

44. Inventarisse, in 'n vorm wat deur die stadstesourier goedgekeur is, moet in iedere afdeling bygehou word van alle diere, werktuie, gereedskap en meubels waarvan nie besonderhede in die register van kapitaalbates aangeteken is nie. Die hoof van elke afdeling moet, 'n volledige kontrole reël aan die end of gedurende iedere boekjaar, soos deur die stadstesourier bepaal, van alle sodanige items, en moet enige tekorte rapporteer wat, na die mening van die stadstesourier, nie bevredigend verantwoord kan word nie aan die betrokke komitee, wat insgelyks aan die Komitee vir Finansies verslag moet lewer.

45. Hoofde van afdelings moet, tesame met hulle jaarlikse begrotings, 'n opgawe voorlê van geraamde voorskotte uit die hernuwingsfonds wat gedurende die daaropvolgende boekjaar nodig sal wees vir die aankoop van werktuie, motorvoertuie, of enige ander bates met 'n betreklike kort lewensduur. Uitgesonderd in noodgevalle, waarvoor die afdelingshoof redes aan sy komitee moet verstrek vir verwysing na die Komitee vir Finansies, word geen sodanige voorskotte gedoen nie, tensy in die begroting voorsiening daarvoor gemaak is.

DEPARTEMENTELE WERK.

46. Geen werk mag uitgevoer en geen dienste mag deur een afdeling vir 'n ander afdeling gelewer word nie, tensy dit gelas word op die Raad se amptelike rekwisisievorm wat deur 'n gemagtigde beampte onderteken moet word en 'n beskrywing moet bevat van die aard van die werk of diens, die nodige magtiging en die nommer van die begrotingspos wat gedebiteer moet word.

47. Uitgesonderd werk van 'n roetine-aard waarvan die koste in die begroting van uitgawes op inkomsterekening ingesluit is, mag geen werk wat volgens raming £300 of meer sal kos sonder die goedkeuring van die Komitee vir Finansies vooraf, departementeel onderneem word nie: Met dien verstande dat hierdie syfer oorskry kan word met die toestemming van die stadstesourier in wat hy 'n spesiale geval van noodsaaklikheid ag, en voorts met dien verstande dat enige sodanige spesiale geval van noodsaak-

37. With the exception of petty disbursements from imprest accounts in terms of section 31, no goods or materials shall be purchased except on a requisition to the storekeeper signed by the head of the department concerned or by a duly authorised official of his department.

38. No requisitions for uniforms or other clothing shall be executed unless they are endorsed by the town treasurer's department as complying with the Council's conditions for the issue of such uniforms or clothing.

39. The amount and value of any surpluses or shortages of stock revealed in stocktaking shall be reported by the town treasurer to the Finance Committee, together with the reasons therefor, and, where the stock is not under his control, the town treasurer may require the head of department concerned to furnish him with the said reasons.

40. Plant and equipment and other stores and material in stock shall only be deemed to be redundant or obsolete on the authority of the Finance Committee, which committee shall authorise the manner of disposal of such materials.

41. Tenders and quotations for the supply of goods, stores, materials and plant shall be prepared by the department concerned or by the storekeeper, and recommendations for the acceptance of tenders and quotations shall be made by the head of the department requiring the goods, stores, materials or plant.

42. Departmental stores shall be under the control of the town treasurer through the storekeeper who shall be responsible for periodical stocktaking at such stores.

CAPITAL ASSETS.

43. Heads of departments shall notify the town treasurer, without delay, of any purchase, sale or demolition of or of any event materially affecting, any capital asset under their control, and they shall, on request, furnish him with any information he may require from time to time in regard to any assets of the Council.

44. Inventories, in a form approved by the town treasurer, shall be kept in every department of all animals, plant, tools and furniture, details of which are not recorded in the capital-assets registers. The head of each department shall arrange for a complete check at the end of or during each financial year, as determined by the town treasurer, of all such items, and shall report any shortages which, in the opinion of the town treasurer, cannot be satisfactorily accounted for to the committee concerned, which shall likewise report to the Finance Committee.

45. Heads of departments shall submit, with their annual estimates, a schedule of estimated advances from the renewals fund which will be required during the ensuing financial year for the purchase of plant, motor vehicles, or any other assets with comparatively short lives. Except in cases of emergency, for which the head of department shall submit reasons to his committee for reference to the Finance Committee, no such advances shall be made unless provision therefor has been made in the estimates.

DEPARTMENTAL WORK.

46. No work shall be carried out or services rendered by one department for another, unless ordered on the Council's official requisition form which shall be signed by an authorised official and shall contain a description of the nature of the work or service, the necessary authority and the vote number to be debited.

47. Except for work of a routine nature the cost of which is included in the estimates of expenditure on revenue account, no work estimated to cost £300 or more shall be undertaken departmentally without the prior approval of the Finance Committee: Provided that with the consent of the town treasurer in what he deems to be a special case of necessity this figure may be exceeded; and provided further that any such special case of neces-

likheid sonder verwyl deur die hoof van die betrokke afdeling aan sy komitee gerapporteer moet word vir oordrag aan die Komitee vir Finansies.

48. Sonder die goedkeuring van die Komitee vir Finansies mag geen materiaal verskaf word aan of enige stuk werk verrig word vir privaat persone of ondernemings nie, tensy 'n deposito deur sodanige persone of ondernemings gestort is om die koste van materiaal en werk te dek, of totdat 'n geskikte reëling tot voldoening van die stadstesourier getref is betreffende die verhaal van die betrokke koste: Met dien verstande dat die goedkeuring van die Komitee vir Finansies nie nodig is nie waar die verskaffing van materiaal of verrigting van werk na die mening van die stadstesourier tot wedersydse voordeel van die Raad en sodanige privaat persone of ondernemings strek.

BOEKHOUDING EN KOSTEBEREKENING.

49. Geskikte kosteberekenings van departementele werk op kapitaal- en inkomsterekening moet, waar hy dit goedvind, deur die stadstesourier bygehou word.

50. Voordat 'n aanvang gemaak word met werk waarvoor kragtens voorgaande regulasie kosteberekenings vereis word, moet die hoof van die betrokke afdeling 'n raming van die arbeid, materiale, toesig en ander vorderings daarvoor aan die stadstesourier verstrek, en sodanige afdelingshoof moet, as die stadstesourier dit nodig ag, aan die betrokke komitee verslag uitbring vir verwysing na die Komitee vir Finansies oor enige verskil tussen die werklike koste en die raming wat aldus verstrek is.

51. Geen inkomste-invorderings-, boekhou- of kosteberekeningstelsel mag in enige afdeling ingevoer word nie, en geen verandering aan enige bestaande stelsel mag gemaak word nie, tensy die goedkeuring van die stadstesourier vooraf verkry is.

INTERNE OUDITERING.

52. (1) Die stadstesourier en die interne ouditeringspersoneel van die afdeling van die stadstesourier het toegang tot die rekeningboeke en registers van alle afdelings vir die doel van ouditering.

(2) Hoofde van afdelings en ander beamptes moet, op versoek van die stadstesourier, sodanige inligting aan hom verstrek as wat vir die uitvoering van ouditeringswerk nodig is.

(3) 'n Afskrif van enige ouditeursverslag kan deur die stadstesourier aan die betrokke afdelingshoof verstrek word, maar die stadstesourier is nie verplig om dit te doen nie.

BELEGGINGS.

53. Die stadstesourier onderneem en is aanspreeklik vir die belegging van alle fondse van die Raad wat nie onmiddellik vir hulle onderskeie doeleindes nodig is nie, met inbegrip van die aankoop en verkoop van sekuriteite in verband daarmee.

ASSURANSIE.

54. Afdelingshoofde moet die stadstesourier op versoek van 'n opgawe van alle versekerbare risiko's voorsien, en moet hom onverwyld van alle veranderings aan en byvoegings tot sodanige opgawe in kennis stel.

55. Afdelingshoofde moet die stadstesourier onmiddellik verwittig van enige derdeparty-eis, of van enige beskadiging of verlies van die Raad se eiendom weens brand of enige ander oorsaak, of van enige besering aan werknemers van die Raad, waar enige sodanige saak deur assuransie gedek is.

56. Die stadstesourier moet registers byhou met besonderhede van alle assuransies wat deur die Raad aangegaan is, en is aanspreeklik vir die betaling van alle premies deur en vir die invordering van alle gelde betaalbaar aan die Raad ingevolge of volgens enige sodanige assuransie.

PERSONEELADMINISTRASIE.

57. Die stadstesourier moet die registers van die Raad se werknemers koördineer en kontroleer, met inbegrip van die byhou van personeelregisters, registers van indiensnemings en ontslae, en die kontrolering en sertifisering van betaalstate.

58. Die betaling van alle salarisse, lone en toelaes word deur die stadstesourier gedoen op 'n wyse wat hy goedvind.

sity shall be reported by the head of the department concerned to his committee for transmission to the Finance Committee without delay.

48. No material shall be supplied to, nor shall any jobbing work be carried out for private persons or concerns without the approval of the Finance Committee, unless a deposit has been made by such persons or concerns to cover the cost of the material and work, or until a suitable arrangement has been completed to the satisfaction of the town treasurer in regard to the recovery of the cost involved: Provided that the approval of the Finance Committee shall not be required where the supply of material or carrying out of work is in the opinion of the town treasurer for the mutual benefit of the Council and such private persons or concerns.

ACCOUNTING AND COSTING.

49. Suitable cost accounts of departmental work on capital and revenue account shall be kept by the town treasurer where he thinks fit to do so.

50. Before work for which cost accounts are required in terms of the preceding regulation is begun, the head of the department concerned shall furnish the town treasurer with an estimate of the labour, materials, supervision and other charges therefor, and such head of department shall, if the town treasurer thinks necessary, report to the committee concerned for reference to the Finance Committee any difference between the actual cost and the estimate so furnished.

51. No revenue collection, book-keeping or costing system shall be introduced in any department, and no alteration to any existing system shall be made, unless the approval of the town treasurer has first been obtained.

INTERNAL AUDIT.

52. (1) The town treasurer and the internal audit staff of the town treasurer's department shall have access to the books of account and records of all departments for the purposes of audit.

(2) Heads of departments and other officials shall, on the request of the town treasurer, furnish him with such information as may be necessary for the carrying out of audit work.

(3) A copy of any audit report may be furnished by the town treasurer to the head of department concerned, but it shall not be obligatory upon the town treasurer so to do.

INVESTMENTS.

53. The town treasurer shall undertake and be responsible for the investment of all funds of the Council not immediately required for their respective purposes including the purchase and sale of securities in connection therewith.

INSURANCE.

54. Heads of departments shall furnish the town treasurer on request with a schedule of all insurable risks, and shall notify him, without delay, of all alterations and additions to any such schedule.

55. Heads of departments shall notify the town treasurer immediately of any third-party claim, or of any damage to or loss of the Council's property arising from fire or from any other cause, or of any injury to employees of the Council, where any such matter is covered by insurance.

56. The town treasurer shall keep registers containing particulars of all insurances effected by the Council, and shall be responsible for the payment of all premiums by, and for the collection of all moneys payable to, the Council under or in pursuance of any such insurance.

STAFF ADMINISTRATION.

57. The town treasurer shall co-ordinate and control the records of the Council's employees, including the keeping of staff records, records of engagements and dismissals, and the checking and certifying of paysheets.

58. The payment of all salaries, wages and allowances shall be made by the town treasurer and the method thereof shall be at his discretion.

59. Die stadstesourier moet onmiddellik van enige veranderings van of toevoegings tot die personeel, of hulle salarisskale, tesame met besonderhede van verlof wat geneem is of afwesigheid, in kennis gestel word."

Administrateurskennisgewing No. 653.] [3 September 1958.

MUNISIPALITEIT BOKSBURG.—OPENBARE BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is. T.A.L.G. 5/55/8.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT BOKSBURG.—OPENBARE BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Woordomskrywings.

1. In hierdie verordeninge beteken—

„ boek " enige tydskrif, dokument, drukwerk, nuusblad of dergelike artikel;
„ Raad " die Stadsraad van Boksburg;
„ biblioteek " die versameling boeke onder die beheer van die bibliotekaris, wat deur die Raad vir die gebruik van die publiek beskikbaar gestel is;
„ biblioteekgebou " enige gebou wat deur die Raad onderhou of verskaf word ten einde die biblioteek, of gedeelte daarvan, of die Raad se Africana, onderdak te bring;
„ openbare vertrek " enige vertrek, behalwe 'n vertrek waartoe die reg van toegang te eniger tyd deur die bibliotekaris gereserveer is;
„ bibliotekaris " ook enige beampte van die Raad wat behoorlik gemagtig is om enige besondere funksie van die bibliotekaris uit te voer;
„ lener " enigeen wie se naam verskyn op die lys van leners wat deur die bibliotekaris geboekstaaf word;
„ lewenslange lede " persone wat, na die mening van die Raad buitengewone dienste aan die biblioteek gelewer het.

Toegang tot die biblioteekgebou.

2. Onderworpe aan die bepalings van hierdie verordeninge, is toegang tot alle openbare vertrekke van die biblioteekgebou vir alle persone vry: Met dien verstande dat niemand, behalwe die bibliotekaris of ander gemagtigde beamptes van die Raad, die biblioteekgebou mag binnegaan of daar vertoef nie, behalwe gedurende die ure wanneer dit oop is, soms deur die Raad voorgeskryf, en by die ingang tot die gebou op 'n aanplakbord vertoon.

Uitleenafdeling.

3. (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (2) hiervan, het enigeen wat 'n belastingbetaler van Boksburg is of wat binne die Munisipaliteit Boksburg woonagtig of in diens is, die reg om uit die uitleenafdeling van die biblioteek drie boeke op 'n keer uit te neem, waarvan hoogstens twee romans kan wees: Met dien verstande dat die bibliotekaris, wanneer aansoek gedoen word, behoorlik ingeskrewe leners kan toelaat om bykomende boeke uit te neem.

(2) Enigeen wat begerig is om boeke uit die uitleenafdeling van die biblioteek uit te neem, moet aansoek doen op 'n vorm wat deur die Raad verskaf moet word en moet die inligting verstrek wat op sodanige vorm vereis word, en moet voorts vir verwysing die name verstrek van twee goedgekeurde persone wat nie aan die applikant of aan mekaar verwant is nie en wat nie aan dieselfde adres of aan die applikant se adres woonagtig is nie: Met dien verstande dat die applikant indien hy aldus verlang, 'n registrasiegeld van 10s. kan betaal in plaas daarvan om die voornoemde name vir verwysing te verstrek. Sodanige registrasiegeld is nie aan die applikant terugbetaalbaar nie.

(3) *Lewenslange lede* wie se name in die munisipale rekords ingeskryf is, is kosteloos daarop geregtig om vyf boeke op 'n keer uit te neem (waarvan minstens een vakliteratuur moet wees).

59. Any alterations or additions to the staff, or their rates of pay, together with details of leave taken or absenteeism shall be immediately notified to the town treasurer."

Administrator's Notice No. 653.] [3 September 1958.

MUNICIPALITY OF BOKSBURG.—PUBLIC LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance. T.A.L.G. 5/55/8.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF BOKSBURG.—PUBLIC LIBRARY BY-LAWS.

Definitions.

1. In these by-laws—

" book " means any magazine, document, print, newspaper or similar article;
" Council " means the Town Council of Boksburg;
" library " means the collection of books under the control of the librarian made available by the Council for the use of the public;
" library building " means any building maintained or provided by the Council for the purpose of housing the library, or part thereof, or the Council's Africana;
" public room " means any room other than a room to which the right of admission has at any time been reserved by the librarian;
" librarian " includes any official of the Council duly authorised to perform any particular function of the librarian;
" borrower " means any person whose name appears in the list of borrowers kept on record by the librarian.
" life members " shall be persons, who, in the opinion of the Council, have rendered outstanding services to the library.

Admission to Library Building.

2. Subject to the provisions of these by-laws, admission to all public rooms of the library building shall be free to all persons: Provided that no person, except the librarian or other authorised servants of the Council, shall enter or remain in the library building otherwise than during the hours of opening prescribed by the Council and exhibited on a notice board at the entrance to the building.

Lending Department.

3. (1) Subject to the provisions of sub-section (2) any person who is a ratepayer of Boksburg, or who is resident or employed within the Municipality of Boksburg, shall be entitled to borrow from the lending department of the library three books at a time, not more than two of which shall be fiction: Provided that the librarian, may on application, having been made, allow duly enrolled borrowers to borrow additional books.

(2) Any person wishing to borrow books from the lending department of the library shall make application on a form to be provided by the Council and shall furnish the information required on such form, and shall furthermore provide as references the names of two approved persons who are not related to the applicant, or to each other, and who do not reside at the same address as each other or the applicant: Provided that the applicant may, if he/she so desires, pay a registration fee of 10s. in lieu of the aforesaid references. Such registration fee shall not be returnable to the applicant.

(3) *Life members* whose names have been inscribed in the municipal records, shall be entitled, free of charge, to borrow five books at a time (not less than one of which must be non-fiction).

(4) *Buitedistrikslede.*—Egineen wat voor 1 Julie 1958 buite die munisipaliteit van Boksburg woonagtig en daarvoor 'n goedgekeurde geregistreerde lener was, kan toegelaat word om boeke uit te neem, mits hy instem om 'n registrasiegeld van 10s. te betaal (wat nie aan die lid terugbetaalbaar is nie) en voorts instem om aan hierdie verordeninge onderworpe te wees.

Afdeling vir jeugdige persone.

4. Enigeen wat jonger as 18 jaar is en wat binne die Munisipaliteit Boksburg woonagtig of in diens is of aldaar die skool bywoon, het die reg om uit die biblioteek se afdeling vir jeugdige persone hoogstens een boek op 'n keer uit te neem, mits daar deur die ouers of voog van sodanige persoon aan die Raad 'n waarborg gegee word vir die veilige terugbesorging van alle boeke wat uitgeneem is en vir die behoorlike betaling van alle bedrae wat aan die Raad betaalbaar kan word.

Lener se kaartjie.

5. (1) Mits die applikant aan hierdie verordeninge voldoen, ontvang hy een lenerskaartjie vir iedere boek wat hy geregtig is om uit te neem en sodanige lenerskaartjie bly geldig vir 'n tydperk van twee jaar tensy dit eerder ingetrek word.

(2) Ingeval enige lenerskaartjie verlore raak, kan die bibliotekaris 'n duplikaat daarvan uitreik teen betaling deur die applikant van 'n bedrag van een sjieling: Met dien verstande dat niemand daardeur onthef is van enige aanspreeklikheid waaraan hy hom blootgestel het weens die gebruik van die verlore lenerskaartjie nie.

(3) Enigeen aan wie 'n lenerskaartjie uitgereik is en wat van adres verander, moet binne een week daarna skriftelik van sodanige verandering van adres aan die bibliotekaris kennis gee.

Terugbesorging van boeke.

6. Iedere boek wat uitgeneem is, moet uiters op die veertiende dag na die datum van uitreiking deur die persoon aan wie dit uitgereik is aan die bibliotekaris terugbesorg word by die afdeling of onderafdeling van waar dit uitgeneem is: Met dien verstande dat—

(*a*) die uitlening van enige boek waarvoor daar geen aanvraag deur iemand anders is nie, vir 'n verdere tydperk van vyftien dae hernieu kan word deur skriftelike of mondelinge aanvraag by die bibliotekaris voordat voornoemde tydperk verstryk het;

(*b*) enige boek wat uit die reisende biblioteek uitgeneem word, by die sentrale biblioteek terugbesorg kan word;

(*c*) waar die persoon aan wie 'n boek uitgereik is, dit onmoontlik vind om dit persoonlik terug te besorg, hy dit deur middel van 'n bevoegde bode kan terugbesorg; ingeval die bode 'n Naturel is, moet die boek behoorlik in papier toegedraai wees, vergesel van skriftelike magtigings;

(*d*) niemand enige boek mag behou wat aan hom uitgereik is na aflewering by die geregistreerde adres van sodanige persoon van 'n skriftelike vordering deur die bibliotekaris dat sodanige boek terugbesorg moet word nie. Enige lener wat versuim om enige boek na sodanige vordering terug te besorg, is strafbaar met 'n boete van een trippens per dag, die boete 'n aanvang te neem van die datum af wat vir die terugbesorging van die boek bepaal is.

Agterstallige boeke.

7. Indien enige boek nie binne die voornoemde tydperk, met inbegrip van enige tydperk van hernuwing, waarvoor dit uitgereik is, terugbesorg word nie, moet die persoon aan wie dit uitgereik is aan die bibliotekaris 'n boete betaal van 'n trippens per week of gedeelte van 'n week wat sodanige boek agterstallig is, totdat dit terugbesorg of vervang is, soos hierna vermeld word.

Verlore en beskadigde boeke.

8. (1) (*a*) Indien enige boek verlore raak, moet die persoon aan wie dit uitgereik is, aan die bibliotekaris die waarde van die verlore boek betaal uitgesonderd enige boetes of ander koste wat ten opsigte van die verlore boek verskuldig is, of anders moet hy dit deur 'n nuwe eksemplaar van dieselfde waarde vervang.

(4) *Country Members.*—All persons who resided outside the Municipality of Boksburg before July 1st, 1958, and who had prior thereto been approved registered borrowers may be permitted to borrow books, subject to their agreeing to pay a registration fee of 10s. (which shall not be returnable to the member) and further to their agreeing to abide by these by-laws.

Juvenile Department.

4. Any person under the age of 18 years, residing, employed or attending school in the Municipality of Boksburg, shall be entitled to borrow from the juvenile department of the library not more than one book at any one time: Provided there is furnished to the Council a guarantee from the parents or guardian of such person for the safe return of all books borrowed and for the due payment of all sums which may become due to the Council.

Borrowers Ticket.

5. (1) Subject to the applicant complying with these by-laws he shall receive one borrower's ticket for each book that he is entitled to borrow, and such borrower's ticket shall remain in force for a period of two years unless previously cancelled.

(2) Should any borrower's ticket become lost the librarian may issue a duplicate thereof upon payment by the applicant of the sum of one shilling: Provided that no person shall be thereby relieved of any liability which he may have incurred by reason of the use of the lost borrower's ticket.

(3) Any person to whom a borrower's ticket has been issued, who changes his address shall give written notice of such change of address to the librarian within one week thereof.

Return of Books.

6. Every book borrowed shall be returned by the person to whom it was issued to the librarian at the department or branch from which it was borrowed not later than the fourteenth day from the date of issue: Provided that—

(*a*) the loan of any book that is not required by another person may be renewed for a further period of fifteen days upon written or verbal request to the librarian before expiry of the above-mentioned period;

(*b*) any book borrowed from the travelling library may be returned to the central library;

(*c*) where it is not possible for the person to whom a book was issued to return it personally he may return it by means of a competent messenger; in the event of the messenger being a Native the book shall be adequately wrapped in paper and accompanied by written authorisations;

(*d*) no person shall retain any book issued to him after a written demand by the librarian for the return of such book has been delivered at the registered address of such person. Any borrower failing to return any book upon such notification, shall incur a fine of threepence *per diem*, the fine to commence from the date stated for the return of the book.

Overdue Books.

7. Should any book not be returned within the above-mentioned period, including any period of removal, for which it is issued, the person to whom it was issued shall pay to the librarian a fine of threepence per week or portion of a week such book is overdue, until it is returned or replaced as hereinafter mentioned.

Lost and Damaged Books.

8. (1) (*a*) Should any book become lost the person to whom it was issued shall pay to the librarian, in addition to any fines or other charges which may be due in respect of such book, the value of the lost book, or alternatively he shall replace it with a new copy of equal value.

(*b*) Enige boek wat nie binne 'n tydperk van twee maande na uitreikingsdatum aan die biblioteek terugbesorg word nie, word as verlore beskou, tensy die uitlening daarvan van tyd tot tyd hernieu is om die tydperk te dek waartydens dit in besit was van die persoon aan wie dit uitgereik is.

(2) Indien by die terugbesorging van enige boek aan die biblioteek bevind word dat dit beskadig is, moet die persoon aan wie dit uitgereik is, sodanige boek vervang deur 'n nuwe eksemplaar van dieselfde waarde, tensy hy kan bewys dat die boek aldus beskadig was toe dit aan hom uitgereik is, of hy moet aan die bibliotekaris, behalwe enige boetes of ander koste wat ten opsigte van sodanige boek verskuldig is die waarde van sodanige boek betaal.

Aanspreeklikheid van leners.

9. Iedereen aan wie 'n boek uitgereik is, is aanspreeklik vir enige verlies, boete of ander koste veroorsaak ten opsigte van die uitreiking van sodanige boek aan hom, nieteenstaande die feit dat sodanige verlies, boete of ander koste nie aan sy eie versuim of nalatigheid te wyte was nie, en niemand wat enige boek verloor of beskadig het, of wat enige boeke of ander koste veroorsaak het word toegelaat om enige verdere boeke uit te neem nie vordat sodanige verlore of beskadigde boek vervang is of die waarde daarvan en die boete of ander koste wat ten opsigte van sodanige boek verskuldig is, betaal is.

Ongeoorloofde besit van boeke.

10. (1) Niemand mag in besit wees van enige boek, of dit uit enige afdeling van die biblioteek verwyder nie, tensy dit kragtens hierdie verordeninge aan hom uitgereik is.

(2) Enige boek wat die merk of stempel van die biblioteek dra, en wat nie 'n amptelike aankondiging bevat dat dit uit die biblioteek ingetrek, afgedank of verkoop is nie, word as die eiendom van die Raad beskou.

Bespreking van boeke.

11. Enigeen aan wie 'n lenerskaartjie uitgereik is, kan enige boek bespreek.

Blootstelling van boeke aan besmetlike siektes.

12. (1) Niemand wat aan enige siekte ly wat aangemeld moet word, mag enige boek uitneem of gebruik nie en niemand mag toelaat dat enige boek wat aan hom uitgereik is, aan enige siekte wat aangemeld moet word blootgestel word nie.

(2) Enigeen wat in besit is van enige boek wat blootgestel was aan 'n siekte wat aangemeld moet word, moet onmiddellik die Afdeling Publieke Gesondheid van die Raad in kennis stel dat die boek aldus blootgestel was, en die Afdeling Publieke Gesondheid moet daarop die boek laat vernietig, of dit laat ontsmet en aan die biblioteek laat terugbesorg. In die geval van vernietiging moet sodanige persoon die boek vervang of die waarde daarvan aan die bibliotekaris betaal.

Naslaanafdeling.

13. (1) Die bibliotekaris kan van enigeen wat 'n boek in die naslaanafdeling raadpleeg, verlang dat hy dit doen op sodanige plek in die biblioteekgebou as wat vir die doel afgesonder word.

(2) Niemand is geregtig om enige boek uit die naslaanafdeling te verwyder nie: Met dien verstande dat die bibliotekaris na goeddunke en op ontvangs van sodanige sekuriteit as wat hy raadsaam ag, enigeen kan toelaat om 'n boek uit daardie afdeling vir 'n gespesifiseerde tydperk uit te neem.

Leeskamer.

14. Niemand wat in besit is van 'n boek in die leeskamer mag sodanige boek vir 'n langer tydperk as tien minute behou nadat 'n versoek daarom deur middel van die bibliotekaris gerig is nie.

Beskerming van boeke.

15. Niemand aan wie 'n boek uitgereik is, mag—

(*a*) nalaat om sodanige boek in 'n ongeskoolde en skoon toestand te hou en dit in nat weer te beskerm nie;

(*b*) die blaaie omvou of bevlek of potlood- of ander merke daarop maak nie;

(*c*) sonder verlof van die bibliotekaris reproduksies van sodanige boek of gedeelte daarvan deur kalkering maak nie.

(*b*) Any book not returned to the library within a period of two months from the date of issue shall be deemed to be lost unless the loan thereof has been renewed from time to time to cover the period during which it has been in the possession of the person to whom it was issued.

(2) Should any book be found, when returned to the library, to be damaged, the person to whom it was issued shall replace such book with a new copy of equal value unless he can prove that the book was so damaged when issued to him, or shall pay to the librarian, in addition to any fines or other charges which may be due in respect of such book, the value of such book.

Liability of Borrowers.

